Arbor
Fairland Pre-Primêr

bostelegraaf

Episode 3

Een keer om die son

Herinnering vir episode 3

BUITELIG AFMERK-LYSIE

- ☐ Storietyd Buite
- ☐ Saai Saadjies
- ☐ Piekniek in die tuin
- ☐ Bou 'n buitelug-huisie

13 Maart: Puleng verjaar

Puleng het ‘n hart van goud en versorg die babas in die Nessie met soveel liefde en geduld. Sy is op haar verjaarsdag deur die ouers en maatjies bederf.

Jy is baie spesiaal Puleng - mag die nuwe lewensjaar mooi herinneringe inhou.

14 Maart: Houtwerk

Dankie **Juffrou Erika** vir jou oulike idee en insette! Die kleuters het met hout en spykers gekap, getimmer en geskaaf, en ogies geplak, vir unieke ystervarkies.

Die **Nessie en Denneklas** se ystervarkies is van “pool noodles”, tandestokkies en ogies gemaak. Hulle handjies is nog nie sterk genoeg vir spykers en hout nie! Die kleuters se harde werk is met baie trots beloon.

19 Maart: Handwerk

Dankie **juffrou Marelize** - die handwerk het mooi gepas by ons tema oor vervoer en padveiligheid.

Die kleuters het dit baie geniet om met verskillende teksture te werk en hul eie karretjies te skep. Dit was lekker om te meet en te pas, te knip en te plak!

20 Maart: Wieledag

Dankie Juffrou Lynda en Juffou Luitjé! Die kleuters, met hulle fietsies, het vroegdag reeds arriveer. Almal was opgewonde oor die groot dag. Die fietse is op die Playball-blad parkeer en elke klas het ‘n geleentheid gekry om saam

Die Denneklas het op die fietsiebaan met die stootwieletjies gery - dit was vir hulle groot pret. Die Nessie was ook deel van die groot dag. Die babas het alles uit kampwaentjies verken! Dit was ‘n dag vol avontuur, pret en mooi met hulle maats te ry. herinneringe.

21 Maart:
Juf. Luitjé verjaar

Daar is vroeg op 20 Maart in Arbor se tuin gewoel en gewerskaf. Alles is in gereedheid gebring vir Juffrou Luitjé se bederf. Die Sederklas se maatjies het opgewonde tussen die balonne en versierings gespeel. Mammas en kleuters het juffrou met blomme, geskenke en heerlike eetgoed verras.

Mag die nuwe lewensjaar mooi herinneringe inhou.

> Behandel ander soos jy self behandel wil word.

Interessante feite oor Juf. Luitjé

Gunsteling kleur: **Groen**

Gunsteling gereg: **Woolies se Mint Choc roomys**

Gunsteling fliek: **Dirty Dancing en Pretty Women**

Gunsteling liedjie: **Make it through van Leanna Crawford**

Gunsteling plek in die wêreld: **Lauterbrunnen Switserland**

Stokperdjies: **Stap**

25 Maart: Fotodag

Johan Minnaar van Status Studio was verantwoordelik vir die individuele temafotos.

Die tema was "Science Rocks!" Johan en Teddie het vooraf al die klasse besoek om die maatjies op hulle gemak te laat voel. Alles het seepglad verloop! Die fotos is reeds by die ouers en ons glo almal stem saam dat die kleuters pragtig gelyk het - kompleet met witjassies en eksperimente. Mooi herinneringe om vir altyd te koester!

26 Maart: Kreatiewe Aktiwiteitsdag

Carina se passie is Arbor en sy kleuters. So het sy ons kreatiewedag die lig laat sien. Daar is besluit om maandeliks 'n dag vir die doel opsy te sit. Die kleuters se tradisionele speelgoed is verruil vir stimulering van kreatiewe denke. Die "speelgoed" het bestaan uit stokkies, blare, blomme en sade. Blare is met stokkies en tou geryg en ander het "feetjiesop" gemaak. Die kleuters was opgewonde oor hierdie nuwe ervaring. Dit was verblydend om die kleuters se kreatiwiteit te kon beleef! Die dag sal lank onthou word!

28 Maart: Entrepreneursdag - Eikeklas

Die eerste entrepreneursdag van die jaar! Mammas, pappas en kleuters het hard gewerk om alles gereed te kry.

Tafeltjies, stoele en versierings is vroeg reeds in Die Woud opgestel. Die Eikeklas-maatjies het goed bemark om almal te oortuig om by hulle stalletjies te kom koop. Alles is verkoop en die kopers het Die Woud met blink ogies en heerlike eetgoed verlaat!

'n Reuse sukses!

Temas

Hier is die temas wat ons hierdie maand gedoen het.

3 - 7 Maart: **My vriende**
10 - 14 Maart: **Mense wat ons help en my gemeenskap**
17 - 21 Maart: **Vervoer en padveiligheid**
24 - 28 Maart: **Bome en Plante**

Baie dankie aan Juf. Debbie vir Episode 3 van Eenkeer om die son

Arbor
Fairland Pre-Primêr